BESPREKINGSVORM

HULPBRONSENTRUM BY ATHLONE-VULLISOORLAAISTASIE (ARTS)

Vul hierdie vorm in en faks dit na die afdeling openbare bewusmaking en opvoeding in die departement vasteafvalbestuur by 021 400 5922.

Naam van skool/groep/organisasie:
Naam van onderwyser/koördineerder
Kontakbesonderhede van onderwyser/koördineerder: • **Tel:** • **Faks:** • **E-pos:**
Besonderhede van besoekers: • **Getal leerders/besoekers:** • **Graad van leerders:** • **Gemiddelde ouderdom van groep, indien nie leerders nie:** • **Getal volwasse toesighouers:** • **Taalvoorkeur:** Toere word in Engels, Afrikaans of Xhosa aangebied
Datum van besoek:
Tyd van besoek:

Ons sal die bespreking binne drie werksdae per faks of e-pos bevestig.
Nog afskrifte van die besprekings- en toestemmingsvorm is beskikbaar op die Raad se webtuiste by **www.capetown.gov.za/solidwaste.**

Voorwaardes en veiligheidsreëls

ARTS is 'n bedryfs- terrein, en het dus belangrike veiligheidsreëls. Met besoek aan die ARTS-hulpbronsentrum, word hierdie reëls aan leerders/besoekers verduidelik met dien verstande dat dit te alle tye nagekom sal word. Die Raad behou hom die reg voor om besoeke te kanselleer of te beperk ingeval die voorwaardes verbreek word.

Besprekingsvoorwaardes

- 'n Besoek aan ARTS word vir leerders in graad 4 en hoër aanbeveel.
- Daar moet alle skoolgroepe/minderjariges volwasse toesig oor wees. Skoolgroepe/minderjariges word versoek om minstens een onderwyser/volwassene vir elke tien leerders/minderjariges te hê.
- Groepe word tot 30 persone per groep beperk. Deeltoere vir groter groepe kan versoek word, maar is egter onderworpe aan die beskikbaarheid van personeel.
- 'n Besoek aan ARTS behoort minstens 'n kwartaal vooruit bespreek te word. Die departement vasteafvalbestuur sal egter besprekings op kort kennisgewing probeer inpas.
- Die voorlopige bespreking moet na die besprekingskantoor van die departement vasteafvalbestuur gefaks word.
- Indien 'n uitstappie/besoek wil ge-kanselleer, word moet dit twee weke voor die bespreekte datum skriftelik gedoen word.

HOOF: OPENBARE BEWUSMAKING EN OPVOEDING

DEPARTEMENT VASTEAFVALBESTUUR

ACHMAT EBRAHIM

STADSBESTUURDER

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

TOESTEMMINGSVORM
HULPBRONSENTRUM BY ATHLONE-VULLISOORLAAISTASIE (ARTS)

Beste Ouer/Voog

In 2002/3 het die inwoners, besoekers en ondernemings in Kaapstad 2,3 miljoen ton afval geskep - dit is 'n gemiddelde van bykans 2 kg per persoon per dag. Boonop neem ons afval elke jaar met amper 7% toe - heelwat meer as die 1,7% waarmee ons stad se bevolking jaarliks vermeerder. Drie van die Stad se opvulterreine is reeds gesluit, en die oorblywende drie word nou baie vinnig vol.

Die Stad se departement vasteafvalbestuur wil mense graag bewus maak van die oorsaak en uitwerking van swak afvalbestuur, en die voordele van geïntegreerde afvalbestuur. Opvoeders, leerders en hulle gesinne is belangrike vennote in die Stad se pogings. Ten einde meer te leer oor die proses waardeur afval gaan vandat die vulliswa dit by die huis kom oplaai, bied die Stad leerders die geleentheid om een van sy vullisoorlaaistasies te besoek.

Die Athlone-vullisoorlaaistasie (ARTS), wat reeds agt jaar lank in werking is, is opgeknap en heropen, juis om besoekers 'n interaktiewe opvoedkundige ervaring met betrekking tot afvalbestuur, afvalvermyding en verantwoordelike afvalwegdoening te bied. 'n Besoek aan ARTS bied sowel opvoeders as leerders 'n kykie in die afvalproses.

Veiligheidsreëls vir besoekers aan ARTS

Besoeke aan ARTS sal onder leiding van opgeleide personeel plaasvind. Aangesien dit 'n bedryfs- terrein is, geld streng veiligheidsreëls en -regulasies. Alle besoekers moet die reëls nakom en 'n vrywaringsvorm onderteken.

- Dra toe, glyvaste skoene.
- Jy sal 'n beffie ontvang - dra dit te alle tye, en dien dit na afloop van die toer weer in.
- Bly in jou groep by jou gids, en moenie afdwaal of rondhardloop nie.
- Luister na jou gids.

Hiermee doen ek, die ondergetekende……..…….....……. (volle naam van ouer/voog),
van …….……..... (adres),
synde die ouer/voog van ……..……..... (volle naam van kind), aansoek dat my kind aan die uitstappie/besoek deelneem wat die Stad Kaapstad se departement vasteafvalbestuur by die ARTS-hulpbronsentrum op ……..... (datum) sal aanbied..
Telefoonnommer vir ouer/voog…….....……..... (werk) .....…….. (ander)
Naam van dokter: …….....…….. Telefoonnommer vir dokter: ……

Siektes/kwale: Asma ☐ Epilepsie ☐ Geen ☐ Ander ☐ (verstrek besonderhede) ….....

Ek stem toe dat my kind aan hierdie uitstappie mag deelneem: Ja ☐ Nee ☐

Ek begryp ten volle en aanvaar dat alle aktiwiteite op my kind se eie risiko onderneem word.

Ek is bewus dat nóg die Stad Kaapstad nóg enige van sy personeel of agente enige aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies, besering of skade aan die persoon of eiendom van my kind ten tyde van deelname aan die uitstappie/besoek, en doen hiermee afstand van enige reg wat ek of my kind sou hê om vergoeding van die Stad Kaapstad, sy personeel of agente te eis met betrekking tot enige verlies, besering of skade ten tyde van die uitstappie/besoek. Ongeag hoe enige verlies, besering of skade ontstaan, hetsy as gevolg van nalatigheid of enigiets anders, vrywaar ek hiermee die Stad Kaapstad teen alle eise.

ONDERTEKEN TE …….....……. OP HIERDIE ……..…..... DAG VAN …….....…. 20….....….

OUER/VOOG: .....

GETUIES: 1. …….....….....

2. …….....

CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU